# REDAKSIONEEL

## DRIE AKTUELE ARTIKELS.

Dr. P. J. de Bruyn beklemtoon tereg die aktualiteit, noodsaaklikheid en doel van 'n studie oor voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Hy bring verrassende Skrifstudie en gevolglik die konflik tussen die sogenaamde "ouer" en "nuwer" moraal na vore. Dit is bekend dat in die GKN byvoorbeeld, hoewel hulle vir ander gedurig etiese lesse wil gee, die norm van die Skrif heeltemal vir die outonomie van die mens laat vaar het. Die artikel sal seker 'n hele paar preke kan stimuleer waarin die kennis ook aan die gemeentes en jong mense deurgegee kan word.

Dr. L. Roeleveld dui in 'n wye studie aan dat geregshowe nie op kerklike uitsprake en beslissings kan ingaan nie en dat dit in Nederlandse en Wes-Duitse asook Roomse kringe so gestel word. Suid-Afrika vorm egter 'n uitsondering, waarskynlik omdat ons die Engelse caesaropapisme ingedrink het en hulle presedentereg navolg. In verwysing 100 maak Roeleveld hieroor 'n skerp opmerking. Die artikel is met die oog op publikasie tot 'n geringe mate verkort.

Net so belangrik is die institusionele roeping van die Christene tot diakonia en koinonia waarop prof. J. H. van Wyk attendeer. Teenoor die verskraalde diakonale aktiwiteit, werp die Wêreldraad en Kommunisme hulle juis op as diegene wat vir die armes omgee en aan hulle verlossing kan waarborg.

Hierdie onderwerp is so aktueel in 'n land soos Suid-Afrika waar die patrone van 'n ontwikkelde en ontwikkelende wêreld mekaar ontmoet. Ons moet waarskynlik indringend besin op die vrae waarom ons kerke nie mooi van die grond af kom in sinvolle diakonale werk en koinonia ook m.b.t. die "jong" kerke onder ander volksgroepe nie. Sommer gou kan 'n mens dink aan remminge a.g.v. 'n nagevolgde Nederlandse GKN-patroon, 'n gestagneerde institusionele diakonale opset wat van kerk tot kerk eentonig eners dood is, groepsgesentreerdheid (met tradisionele eiebelang, soms dalk rassisme of heterogene vlakke van kultuurontwikkeling as sentrum), tegniese en institusionele vorme eerder as warme menslike kerkwees, kortom remminge by die "ouer" kerke.

Aan die ander kant werp die "jong" kerke ook remminge op, bv. deur verskynsels van serviliteit, onverantwoordelikheid, onbetrokkenheid, nie-waardering, ens. Verder het die diakonië sedert 1933 hulleself sodanig geaksentueer dat hulle 'n eie kompartement in die kerk opgeëis het. Hulle verkry hulle middele wel d.m.v. erediens-kollektes, maar verrig daarmee hulle besondere taak op hulle besondere terreine. Die diakens wil of kan nie die gemeente by meer as bydraes betrek nie, neem nie inisiatief nie, moontlik uit vrees vir die "kerkraad". Geen gelowige buite die diakonie tree na vore om die diakens tot werke aan te spoor nie, omdat die diakonale kategorie soewerein in eie kring is.

Vervolgens ontbreek kommunikasie dikwels tussen die wat help en die wat gehelp word. Onbekend maak onbemind. Strukture soos

"sendingkommissies" dien as enigste organe van korrespondensie tussen die "ouer" en "jonger" kerke. So 'n instrument skakel by implikasie die gemeente en selfs die werklike offisiële organe in die kerk uit. Hulp word dikwels uitsluitend as geldelike bydraes beskou t.o.v. nood wat organe van die "ouer" kerke gepeil en die medisyne voor voorgeskryf het — sonder dat die "jong" kerk by die diagnose betrek was, verantwoordelikheid geneem het, self hulp bereken en gevra het, wat voorwaardes is om ook dankbaar te kan ontvang.

Wanneer deur middel van offisiële instansies gewerk word, kan die *barmhartigheid* moeilik by die helpende gelowige wakker word en die opregte *dankbaarheid* ook moeilik van die mens wat gehelp is, teruggevoer word. Ontbreek hierdie twee essensiële karaktertrekke nie in 'n menigte aksies wat onpersoonlik van instelling tot instelling gevoer word nie? Kan hulp sonder dié eienskappe diakonie of koinonia wees?